KONINKRYK LES 40

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	**DEEL** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **JEREMIA 15, 17, 18 en 23**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jeremia 15, 17, 18 en 23). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (5 minute) ***[GOD SE BRONNE]*** **(4) JAKOBUS 1:5**

Herhaal twee- twee:
(4) God se wysheid. Jakobus 1:5. As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.

4	**BYBELSTUDIE** (85 minute) ***[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]*** **ROMEINE 12:1-21**

Inleiding. Alhoewel die hele brief aan die Romeine vol leer en praktyk is, benadruk Romeine 1-11 *die christelike leer* en Romeine 12-16 *die christelike praktyk*.

Die tema van Romeine 12 is *heiliging of heiligmaking*. Romeine 6 leer ons al dat die basis vir die regverdiging en heiliging die geestelike vereniging met Jesus Christus in sy dood en opstanding is (Romeine 6:2-7; sien 1 Korintiërs 1:30). Sonder *die wetlike of juridies staat van die regverdiging* en *die morele staat (posisie) van die heiliging* kan Christene nie groei in hul persoonlike *styl (proses) van heiligmaking* nie! En sonder heiligmaking kan Christene nooit seker wees van hul regverdiging nie! Omdat die geestelike vereniging met die dood en opstanding van Jesus Christus permanent is, is groei in heiligmaking 'n dinamiese proses in die Christen (Romeine 6:10-11). Geestelike vereniging met Jesus Christus beteken dat 'n mens Jesus Christus gevra het om in sy hart en lewe te kom woon. Dit beteken dat die Heilige Gees in die liggaam van die Christen aanwesig is. Die Heilige Gees is niemand minder as die Gees van Christus, die Gees van die Here wat gekruisig is, uit die dood opgestaan het, na die hemel opgevaar het en op die troon in die hemel heers (Romeine 8:9-10). Die praktiese en etiese lewe van 'n Christen rus op die vaste fondament van die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus. Groei in heiligmaking vind plaas omdat die Christen aan Jesus Christus behoort en Jesus Christus sy nuwe lewe deur sy Gees in die Christen leef.

STAP 1. LEES. **GOD SE WOORD**
Lees. Ons gaan Romeine 12:1-21 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. **WAARNEMINGS**
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

12:1
***Ontdekking 1*. Die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot sy liggaam.**

Die liggaam van 'n Christen is 'n belangrike onderdeel van heiligmaking. Vers 1 sê (letterlik): "Daarom (Grieks: oun) doen ek 'n beroep op julle, broers, om op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen." 'n Aantal

godsdienste in die wêreld onderskat die menslike liggaam of beskou die menslike liggaam selfs as die kwaad. Hul etiese ideaal is om bevry te word van hul liggaam en die verderflike invloed van hul liggaam. Die christelike godsdiens is in volkome teenstelling hiermee en beskou die menslike liggaam as baie belangrik in die Christelike Geloof. Vanaf die skepping vorm die liggaam van die mens 'n integraal deel van sy wese (Hebreeus: sy siel), d.w.s., van wie hy as mens is (Genesis 2:7,21-23). Aan die einde van die menslike lewe sterf die menslike liggaam as gevolg van die sonde. Maar die dood word as iets wat abnormaal is beskou, omdat dit die bedoeling van God is om alle liggame uit die dood op te wek (Daniël 12:2; Filippense 3:20-21).

Omdat de liggaam van die Christen 'n tempel van die Heilige Gees is, wy 'n Christen al sy ledemate toe aan God om te fungeer as instrumente of wapens (Grieks: hopla) van die geregtigheid (Romeine 6:13,19). 'n Christen offer sy liggaam as *'n lewende offer*, deur sy liggaam doelbewus en voortdurend as 'n instrument van sy wedergebore natuur in te sit vir God en God se bediening. Hy offer sy liggaam as *'n heilige offer* aan God, d.w.s., aan dinge wat afgesonderd is van wat sleg is (byvoorbeeld sinlike genot) en toegewy is aan wat goed is. En hy offer sy liggaam as 'n offer wat vir God aanneemlik is, aan dinge wat Hy goedkeur, Hom bly maak en verheerlik. Om jou liggaam op hierdie manier te offer, word "die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen" (Grieks: logiké latreia) genoem. In teenstelling tot die heidene en Jode aanbid Christene God nie deur middel van uiterlike en meganiese rituele (liggaamsposisies en voorgeskrewe woorde) nie, maar deur middel van 'n bewuste, intelligente en geheiligde toewyding van hul liggaam en lewe.

12:2

Ontdekking 2. Die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot sy gesindheid.

Die verstand (Grieks: nous) van 'n Christen is die sleutel tot verandering. Vers 2 sê: "Julle moet nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." Om prakties as 'n Christen te lewe, moet 'n Christen 'n standaard hê. Sy standaard moet nie die sondige wêreld wees nie, ook nie een of ander godsdienstige leier of een of ander godsdiens in die wêreld nie! Sy standaard moet niks minder as die God van die Bybel en die inhoud van die Bybel wees. Die God van die Bybel het Homself in Jesus Christus en sy lewe van liefde geopenbaar (Efesiërs 5:1-2) en sy volmaakte wil is in die Bybel opgeteken. Vers 2 bevat 'n negatiewe en 'n positiewe bevel en 'n belofte.

(1) Die negatiewe bevel.

"Julle moet *nooit* aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie" (Grieks: suschématizomai) (bevel, onvoltooid teenwoordige tyd)!" Vermy *uiterlike* aanpassing aan slegte mense en hul invloed. "Laat jou nie in hul slegte mal in pers nie."

Dus is daar bepaalde dinge wat Christene moet vermy! Byvoorbeeld, die Bybel leer dat Christene die volgende dinge moet nalaat: aanstootgewende dinge te sê, skurwe liedere te sing, vuil tydskrifte te lees, immorele films te kyk, uitdagende kleding te dra, in twyfelagtige aktiwiteite betrokke te raak, goddeloosheid en ongeregtigheid van slegte vriende na te volg, ens. Die eerste bewys dat iemand 'n Christen geword het, is dat hy hom van sy sondes afkeer (1 Tessalonisense 1:9)! Die lewe van 'n Christen mag nie bepaal word deur hierdie tydelike en verbygaande slegte wêreld NIE (1 Johannes 2:17; 1 Korintiërs 2:6,8). Sy planne en ambisies moet inteendeel bepaal word deur die toekomstige wêreld! Hy moet lewensvorme ontwikkel wat in die teenswoordige tyd regtig standhou en sal aanhou in die toekomende tyd!

(2) Die positiewe bevel.

"Laat God julle denke *voortdurend* verander (Grieks: metamorfoomai)(bevel, onvoltooid teenwoordige tyd, passief)!" Streef na *innerlike* verandering wat lei tot ewigE verandering! Regte verandering begin by jou gesindheid.

Dus daar is ook bepaalde dinge wat Christene moet najaag! Byvoorbeeld, die Bybel leer dat Christene die volgende dinge moet doen: bewus God se wil soek, hul gedagtes vul met God se woorde, hul laat verander deur God se Gees. Hulle moet telkens weer hul eie gewete en geloofsoortuigings laat herskool deur die Bybel en God se Gees. Hulle moet hul menings en oortuigings baseer op die juiste uitleg van God se Woord. Hierdie bevel konfronteer die al te veel kere wat 'n mens bly stilstaan, selfvoldaan en hoogmoedig is met betrekking tot die Christen se eie verworwenheid. Die apostel Paulus pleit nie vir 'n eenmalige bekering of ervaring met die Gees nie, maar vir 'n voortdurende verandering!

(3) Die belofte.

As Christene hierdie dinge doen sal hulle uit ervaring weet hoe God wil dat hulle behoort te lewe. Die heiligheid, geregtigheid en goedheid van hul Christenlewe sal God se geopenbaarde wil weerspieël.

STAP 3. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 12:1-21 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

12:3

Vraag 1. Wat beteken vers 3?

Aantekeninge.

Romeine 12:3 sê: “Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.”

Paulus spreek oor die verskille, of beter, die verskeidenheid onder Christene in die Liggaam van Christus. God laat minstens drie verskille tussen Christene toe:

- Volgens vers 3 kry Christene ’n verskillende maat van geloof.
- Volgens vers 4 het Christene verskillende funksies in die Gemeente.
- Volgens vers 6 ontvang Christene verskillende genadegawes (geestesgawes).

Die soewereine wil van God bepaal hierdie verskille onder Christene en dus ook die rigting van hul heiliging (persoonlike ontwikkeling) en hul bediening (vir Christus).

(1) ’n Oordrewe selfbeeld is sonde.

“Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie!” God waarsku die Christen om sy belangrikheid in die gemeente nie te oorskat nie. Hoogmoed is om ’n genadegawe (geestesgawe) te begeer wat nie aan hom gegee is nie. Hoogmoed is ook om ’n funksie in die Gemeente uit te oefen wat nie aan hom gegee is nie. ’n Christen wat nie tevrede is met sy genadegawe of funksie (taak) in die Gemeente wat ooreenkom met die maat van geloof wat God aan hom toebedeel het, pleeg die sonde van hoogmoed of van ’n oordrewe selfbeeld.

(2) ’n Valse nederigheid is sonde.

“Lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.” Alhoewel ’n Christen nie moet dink dat hy ’n geestesgawe het wat hy inderdaad nie het nie, moet hy ook nie weier om te erken dat hy ’n geestesgawe het wat inderdaad aan hom gegee is. ’n Valse nederigheid is ook sonde.

(3) Die maat van geloof.

Die woord “maat” (Grieks: metron) verwys na die resultaat van meet, na *’n sekere hoeveelheid* of na *’n sekere soort* wat uitgemeet (verdeel, toebedeel) (Grieks: merizó) word. Dit kan dus verwys na *die kwantiteit van geloof* wat uitgemeet word. Maar volgens Efesiërs 4:7 lê die nadruk eerder op *die soort van geloof* wat uitgemeet word, d.w.s., die soort genadegawe (geestesgawe)(byvoorbeeld die vermoë om onderwys te gee) of funksie (byvoorbeeld ’n leraar van kinders te wees) wat God op ’n soewereine manier aan elke Christen toebedeel het. Die verskillende mate van geloof verwys dan na die verskillende maniere waarop Christene hul geloof deur middel van hul verskillende genadegawes of verskillende funksies (take) in die Gemeente uitdruk of uitoefen.

Voorbeelde van die maat waarin geloof aan Christene gegee word is die verskillende genadegawes of funksies (take) wat in vers 6 tot 8 genoem word. Elk Christen ontvang sy eie maat, d.w.s., ’n genadegawe of funksie wat God op ’n soewereine wyse aan hom toebedeel het met die oog op ’n bepaalde bediening in die Gemeente (sien 1 Korintiërs 12:11). En elke Christen moet sy geloof uitdruk of uitoefen deur God te dien met sy toegewese genadegawe of funksie.

“Geloof” is dus nie alleen noodsaaklik as ’n mens ’n Christen en lid van die Gemeente word nie, maar ook om sy toebedeelde genadegawe of funksie (taak) as ’n lid van die Liggaam van Christus uit te oefen. Alle genadegawes of funksies kan alleen op die juiste wyse uitgeoefen word deur geloof in Jesus Christus (Romeine 12:3; Filippense 4:13) en deur liefde tot ander mense (1 Korintiërs 13:1-13). Die feit dat alle genadegawes in die Liggaam van Christus toebedeel word en ’n bepaalde maat het (Efesiërs 4:7) beteken dat elke genadegawe beperk is volgens soort en volgens die gebied waar dit uitgeoefen word.

12:4-8

Vraag 2. Wat is die verantwoordelikheid van Christene in die Gemeente?

***Aantekeninge*.**

(1) Definisie van ’n genadegawe (geestesgawe).

’n Genadegawe is ’n bepaalde deur God gegewe *verlange, vermoë of funksie (taak)*. Volgens 1 Korintiërs 12:4-7 is ’n genadegawe ’n openbaring of manifestasie van God se krag, wysheid of genade in ’n Christen en dit word sigbaar in verskillende soorte bedienings.

(2) Die doel van genadegawes.

Die verantwoordelikheid van elke Christen is om God te dien met die genadegawe of funksie wat God aan hom toebedeel het. Die menslike liggaam het baie verskillende ledemate en onderdele en elke ledemaat of onderdeel het ’n

verskillende maar tog noodsaaklike funksie in die liggaam. So vorm alle Christene in die wêreld die Liggaam van Christus en elke Christen is 'n ledemaat of onderdeel met 'n spesifieke gawe (vermoë) of funksie (taak of amp).
Christene "is almal afsonderlik lede van mekaar" (Romeine 12:5; Efesiërs 4:25). Elke Christen moet die ander Christene dien met die genadegawe wat hy ontvang het (1 Petrus 4:10).

(3) Die soorte genadegawes.

1 Korintiërs 12:28 leer dat die drie belangrikste genadegawes of funksies in die Liggaam van Christus die volgende is: "Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars". Romeine 12:6-8 noem profesie die eerste, omdat daar in die tyd van die skrywe van die brief aan die Romeine geen apostel te Rome was nie (Romeine 15:15-29, veral vers 20, die apostel Paulus het nie op die fondament van 'n ander apostel gebou nie).

Die bedoeling in Romeine 12:6-8 is nie om 'n rangorde van geestesgawes of funksies te gee nie. In Romeine 12:6-8 rig die eerste vier genadegawes hul op die terrein waarin die genadegawes uitgeoefen word: bv. die vermoë om onderwys te gee, word uitgeoefen op die terrein van onderwys (onderwys aan kinders, jeug, volwassenes, gestremdes, ens.). So ook profesie, dienslewering en bemoediging.

Die laaste drie genadegawes is gerig op die gesindheid van die hart waarmee die genadegawe uitgeoefen word: bv. die vermoë om uit te deel of by te dra aan die node van ander moet gul of rojaal wees (Grieks: haplotés). Die vermoë om leiding te gee (letterlik: voor te staan) (Grieks: prohistamenos) moet met ywer of toewyding (Grieks: en spoudé) geskied. Mense uit barmhartigheid help (Grieks: eleeó) moet met blymoedigheid (Grieks: hilarotés) getoon word.

12:6

Vraag 3. Wat is die genadegawe van profesie?

***Aantekeninge*.** Die woord "profesie" beteken "uitspreek", "verkondig". Profesie is die besondere vermoë of funksie om openbarings of waarhede van God te kommunikeer (Handelinge 2:16-17; 21:10-11).

(1) Profesie in die vroeë kerkgeskiedenis.

In die vroeë kerkgeskiedenis, nog vóórdat die Nuwe Testament voltooi was, was daar 'n behoefte aan Nuwe-Testamentiese profete. Die vroegste Christene het nog nie 'n Nuwe Testament gehad nie en daarom het God Nuwe-Testamentiese profete (verkondigers/predikers) gebruik om sy waarheid bekend te maak (Handelinge 15:32). Profete het veral geopenbaar hoe God wou dat Christene die christelike lewe sigbaar maak. Slegs 'n paar keer het hulle geopenbaar wat daar in die toekoms van sommige Christene sou gebeur (Handelinge 11:27-28; 21:10-11). Die christelike geskiedenis toon aan dat daar Nuwe-Testamentiese profete was totdat die Nuwe-Testament voltooi was.

Die Nuwe-Testamentiese profete moes profeteer "in ooreenstemming met die geloof wat ons bely" (Grieks: kata tén analogian tés pisteós) (objektiewe Genitief: die christelike geloofsleer wat God wil dat Christene glo, Romeine 1:5; Galasiërs 1:23; 1 Timoteüs 1:19; 4:1,6; 6:10,21). Dit beteken dat hulle hul genadegawe uitoefen moes word binne die grense van die geopenbaarde Christelike Geloof (die christelike leer, die Bybel) (Jeremia 23:21-22; Handelinge 20:27). (Letterlik:) "Die getuigenis van Jesus (d.w.s. deur Jesus en oor Jesus) is naamlik die gees (essensie, wese) van die profesie" (Openbaring 19:10). D.w.s. Nuwe-Testamentiese profesie moet uitgeoefen word binne die grense van alles wat Jesus Christus geopenbaar het (onderrig het) en veral oor wat Hy oor Homself geopenbaar het in die Ou Testament (1 Petrus 1:9-12; 2 Petrus 1:21) en in die Nuwe Testament (Johannes 16:13-15). Hulle moet hul genadegawe uitoefen binne die grense van wat hulle self glo wat goed (nuttig)(Grieks: sumferon) is vir die toehoorders (die christelike praktyk)(Handelinge 20:20).

(2) Profesie na die sluiting van die Kanon van die Bybel.

Na die voltooiing van die Kanon van die Bybel (die 66 boeke van die Bybel), mog niemand meer iets toevoeg aan die inhoud van die Bybel nie. Openbaring 22:18-19 waarsku, "As iemand iets aan hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is." Christene met die genadegawe van profesie moet die woorde van God uitspreek en verkondig presies soos in die Bybel geopenbaar is, ongeag of dit op die verlede, hede of toekoms slaan. Maar hulle moet hulle "hou binne die perke wat God (in die Bybel) gestel het" (1 Korintiërs 4:6)!

Christene met die gawe van profesie bly 100% verantwoordelik vir wat hulle uitspreek omdat "'n profeet immers beheer oor sy gees het" (1 Korintiërs 14:32). Ander christene moet die uitsprake van Christene met die genadegawe van profesie beoordeel (evalueer) in die lig van die standaard van die Geskrewe Woord (die Bybel) soos Handelinge 17:11 en 1 Korintiërs 14:29 duidelik leer: "Die ander moet beoordeel wat hulle sê (verkondig, profeteer)."

12:10

Vraag 4. Hoe bewys Christene eerbied teenoor mekaar?

***Aantekeninge*.**

Omdat daar 'n verskeidenheid van geloof, 'n verskeidenheid van genadegawes en verskillende soorte funksies in die christelike gemeentes bestaan, kan elke Christen iets wat nuttig of goed is bydra. Elke Christen het minstens één terrein

waarin hy sterk of goed is. Maar geen Christen het alle krag of alle vermoëns nie. Geen Christen is goed op elke terrein van die lewe waar gedien word. Christene het mekaar se genadegawes en funksies nodig.

Daarom moet Christene mekaar se genadegawes en funksies (take) respekteer, d.w.s., met respek en eerbetoon bejeën. Christene behoort die unieke geestelike vermoëns en sterk punte van ander Christene openlik te erken. Volgens Filippenzen 2:3 moet Christene "die ander hoër ag as homself." Dit beteken nie dat 'n Christen ander Christene op elke ander terrein as beter moet beskou nie, maar wel dat die ander Christen in bepaalde opsigte beter, wyser en beter toegerus is. Waardeer die ander se sterke punte, wat hulle goed kan doen en hul spesifieke bydrae in die gemeente. Niks breek meer af dan kritiek of deur neer te kyk op wat ander in die gemeente doen nie. Wanneer Christene mekaar bemoedig en mekaar se vermoëns en bydraes waardeer, dan word die gemeente opgebou en groei die gemeente.

12:17-21

Vraag 5. Wat leer die Bybel oor wraak?

Aantekeninge.

(1) Christene mag nooit wraak neem nie.

Vers 17 sê, Moenie kwaad met kwaad vergeld nie." Terwyl die owerheid kwaaddoeners moet straf (Romeine 13:4), mag individuele Christene nie die wet in eie hande neem en die kwaaddoeners straf nie! Alhoewel Christene kwaad en onreg moet verduur, mag hulle nooit wraak neem nie (Romeine 12:19; 1 Tessalonisense 5:15; 1 Petrus 3:9). Inteendeel moet Christene (letterlik:) "Van te vore nadink (Grieks" pronoeó) oor wat goed (Grieks kala) is, nie alleen vir die Here nie, maar ook vir ander mense" (ANV: "daarop gestel wees om korrek op te tree teenoor mense") (2 Korintiërs 8:21). Hulle moet oorweeg wat in God se oë passend is (Matteus 5:20-48; Lukas 6:27-37) en wat passend is in die oë van nie-Christene (2 Korintiërs 4:2; 1 Timoteüs 3:7)! As Christene hierdie reëls oortree, bring hulle skande oor en beskuldiginge teen Christus!

(2) Christene moet in vrede met ander lewe.

Vers 18 sê, "As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense". "In vrede lewe met" mense wat jou sleg behandel beteken die volgende:

- Moenie met hulle baklei nie
- Moenie geforseerd probeer om die gebroke verhouding met hulle te herstel nie
- Bly goed aan hulle doen.

Dit is nie altyd moontlik nie. Soms is die slegte houding van die ander persoon die probleem. Soms haat hy jou omdat jy nie deel wil neem aan sy sonde nie. Die Bybel sê: "Moenie jouself medepligtig aan die sondes van die ander maak nie" (1 Timoteüs 5:22).

Alhoewel Christene in vrede wil lewe met ander, het hulle ook die verantwoordelikheid om ander tereg te wys en die valse leer van valse profete te weerstaan.

(3) Christene moet die oordeel aan God oorlaat.

Jesus Christus. Vers 19 sê:" Laat dit oor aan die oordeel van God". Die reg om te oordeel en te straf behoort aan God en aan die mense aan wie God dit gedelegeer het. In die Bybel het God die verantwoordelikheid en die gesag om kwaaddoeners te straf aan die volgende mense gedelegeer: "God het die oordeel geheel en al aan die Seun oorgelaat" (Johannes 5:22).

Die owerheid van 'n land het die verantwoordelikheid en die gesag om kwaaddoeners in die land te straf (Romeine 13:3-4). Maar hul gesag is beperk en mag byvoorbeeld nie uitgebrei word om Christene wat die wet gehoorsaam te vervolg nie (Handelinge 4:19-20; 5:29).

Ouers het die verantwoordelikheid en die gesag om die kwaad van hul onmondige kinders te straf (Spreuke 3:11-12; 13:24; 19:18; 22:15; 23:13-14; 29:15,17; Hebreërs 12:5-11). Maar ook hul gesag is beperk. Vaders mag nie met opset hul kinders terg, kwaad of moedeloos maak nie (Efesiërs 6:4; Kolossense 3:21).

Die plaaslike gemeente het die verantwoordelikheid en die gesag om die kerklike tug uit te oefen[1] op lede wat volhard om kwaad te doen (1 Korintiërs 5:12-13; 2 Tessalonisense 3:6,14-15; 1 Timoteüs 5:20; Titus 3:10) en om 'n rusie tussen lede te bereg (1 Korintiërs 6:1-8).

Persoonlik. Maar alle persoonlike onreg wat Christene ondergaan, moet hulle beantwoord met onverwagte vriendelikheid (Matteüs 5:38-41). Die neiging om wraak te neem moet "oorgegee word aan God". Toe mense Jesus Christus beledig het, het Hy nie terug beledig nie. En toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel" (1 Petrus 2:21-23; sien Psalm 37:5-13)!

(4) Christene behoort die kwaad deur die goeie te oorwin.

Vers 20-21 sê: "Moet jou ook nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie". Christene moet nie moedeloos word wanneer ander mense (selfs ander Christene) aan hulle kwaad doen. In teendeel, juis deur goed te doen, word hulle God se instrumente wat die vyandige gevoelens wegneem en die kwaad en vervolging tot

[1] Zie www.dota.net Handleiding 8, les 39

stilstand bring. Op hierdie wyse "hoop hulle vurige kole op hulle hoofde" (ANV: maak hulle hul vuurrooi van skaamte). Die vyande word deur die vriendelike aanpak van die Christene verteder of hulle begin skaamkry vir hulle gedrag.

STAP 4. DOEN. **TOEPASSINGS**

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 12:1-21.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 12:1-21.

12:1. Wy voortdurend die lede van jou liggaam toe as instrumente van jou wedergebore natuur.
12:1. Sonder jou liggaam af van alles wat God mishaag en wy jou juis toe aan wat God behaag.
12:2. Vermy uiterlike gelykvormig te word aan die tendense (strominge) van slegte mense. Laat jou nie in die mal van die sondige wêreld pers nie. Vermy aanstootlike dinge te sê, skurwe liedere te sing, vuil tydskrifte te lees, immorele films te kyk, uitdagende kleding te dra, in twyfelagtige aktiwiteite betrokke te raak, goddeloosheid en ongeregtigheid van slegte vriende na te volg, ens. Keer jou doelbewus af van hierdie sondes.
12:2. Wy jou toe aan innerlike veranderinge wat lei tot uiterlike veranderinge. Soek doelbewus God se wil in die Bybel, leer God se woorde uit jou kop en wees steeds bereid dat God se Gees hierdie woorde gebruik om met jou te praat en jou te verander. Bring telkens weer jou gewete en geloofsoortuigings vir herskoling in die Bybel. Weier om te stop om geestelik te groei. Veg teen selfvoldoening.
12:3. Moenie dink dat jy 'n bepaalde geestesgawe het as God dit nie aan jou gegee het nie. Laat 'n opgeblaasde eiedunk los.
12:3. Verag nie die geestesgawe of funksie wat God aan jou gegee het nie. Gee 'n valse nederigheid op.
12:5. Besef en erken dat jy ander Christene nodig het om staande te bly, te groei, goed te funksioneer en God te dien. Gee 'n ongesonde onafhanklikheid op en koester 'n gesonde wedersydse afhanklikheid.
12:6. As jy die gawe van profesie het, gebruik dit dan om die Woord van God te verkondig soos dit in die Bybel geopenbaar word, ongeag of dit op die verlede, hede of toekoms slaan.
12:8. As jy die gawe van gee ontvang het, laat dit sonder bybedoelings wees. Gee aan projekte wat regtig 'n verskil maak in die wêreld.
12:8. As jy die van leiding gee ontvang het, doen dit dan met ywer en toewyding. Word nooit 'n outoritêre leier nie (Matteus 20:25-28).
12:10. Aanvaar Christene met ander genadegawes en respekteer die genadegawe wat God aan hulle toebedeel het.
12:11. Hou nooit op om jou werk met entoesiasme en trou te doen nie.
12:12. Verbly jou omdat God se beloftes baie seker in die toekoms gaan gebeur.
12:12. Wees geduldig in die verdrukking, omdat jy ook in moeilike omstandighede aanhou om lief te hê.
12:12. Wees trou in gebed, omdat wie bid ook ontvang, wie soek ook vind en vir wie klop deure oopgaan.
12:13. Deel jou besittings met mede-Christene in nood. Beoefen gasvryheid.
12:14. Seën mense wat jou vervolg Bid vir mense wat jou kwaad aandoen (Lukas 6:27-28).
12:15. Ontwikkel empatie.
12:16. Wees bereid om met mense uit 'n ander sosiale stand om te gaan.
12:17-21. Word nooit deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 12:1-21.

Ek wil nie die uiterlike vorms van die sondige wêreld volg nie. Ek gaan nie toelaat dat die sondige wêreld my in sy mal pers nie. Inteendeel wil ek my innerlike mens, my gewete, denke, houding en gedrag verander. Daarom lees ek nie slegte boeke en tydskrifte nie en gaan ek nie op 'n intieme manier om met goddelose en onregverdige mense nie. Ek wil graag God se volmaakte wil vir my lewe leer ken en uitvoer.

Ek wil nie 'n oordrewe of opgeblaasde eiedunk hê nie, maar eerder beskeie bly in hoe ek oor myself dink. Ek wil ook die sterk punte in ander Christene waardeer en erken dat hulle op bepaalde gebiede beter as ek is.

STAP 5. BID. **REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 12:1-21.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	**GEBED** (8 minute) *[VOORBIDDING]* **BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	**VOORBEREIDING** (2 minute) *[OPDRAGTE]* **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 12;1-21 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Jeremia 25, 29, 30 en 31.** Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(5) God se genesing. 2 Kronieke 7:14**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die arbeiders in die wingerd”** in Matteus 20:1-16 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.